

# St. Gregorio Barbarigo

## 18 Junie

(1625-1697)

Toe hy in Venesië gebore is, was die Katolieke en Protestante in Europa al sewe jaar lank besig om mekaar in ‘n verskriklike oorlog te vermoor. Dit sou nog 30 jaar lank duur. Toe dit uiteindelik in 1648 eindig is hy gekies om Venesië by die Verdrag van Wesfale in Münster te verteenwoordig, waar die noodsaaklike godsdienstige vrede bewerkstellig is. Daar ontmoet hy die pouslike legaat, Fabio Chigi, en hulle word goeie vriende. Toe Chigi later tot pous verkies word, stel hy Gregorio aan as biskop van Bergamo. Drie jaar later maak hy hom kardinaal en in 1664 wy hy hom tot aartsbiskop van Padua. Gregorio was ‘n model biskop wat geweldig baie gedoen het om die geestelike lewe van almal in sy bisdom te verdiep. Deur sy harde werk en goeie voorbeeld het die plaaslike Kerk ‘n merkwaardige oplewing ondergaan.

© Die Oratorium Uitgewery